basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSORIËNTERING

ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

2 SEPTEMBER 2019

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

DOWE LEERDERS

Hierdie vraestel het 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

Blaai om asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel het DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Die vrae in AFDELING A en AFDELING B is VERPLIGTEND.

3. Antwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.

4. Lees AL die vrae.

5. Gee antwoorde dieselfde nommers as die vrae.

6. Skryf netjies.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Antwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Kies die antwoord.
Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK. Voorbeeld: 1.1.6 D.

1.1.1 Jy kommunikeer selfgeldend en ferm met ander (sê met vertroue hoe jy voel. Ander mense luister na jou). Jy:

A Aanvaar wat ander sê om nie van hulle te verskil nie.
B Gee jou opinie(Sê wat jy dink en voel) op 'n brawe en mooi manier aan ander.
C Dring aan dat jou idees en opinies deur ander aanvaar word(Almal moet na jou luister).
D Stem saam om nie konflik(baklei) te hê nie. Jy wil die vrede met ander bewaar.

1.1.2 Twee tipes oefeninge wat goed is vir jou spierkrag en uithouvermoë:

A Sit-en-strektoetse en skouerstrekke
B Hardloop-op-een-plek- en 'n 12-minute-hardlooptoets
C Halwe opsit-oefeninge ('half-curl-up exercises') en knie-opstote
D Leun-en-reik- en syplank-oefeninge ('side-plank exercises')

1.1.3 Jy wil 'n omgewingsverantwoordelike burger wees. Jy moet:

A Produkte koop wat min verpakking nodig het, waar moontlik.
B Jou omgewing skoonmaak en plastiek in ander gebiede weggooi.
C Plastieksakke koop om kruideniersware en ander huishoudelike items in te dra.
D Die gebruik van plastiekstrooitjies in restaurante en skool-snoepies ondersteun.

1.1.4 Arbeidsregulasies(Arbeidsreëls) sê hulle moet na die volgende situasie in die werkplek kyk:

A 'n Werker wat vier ure oortyd per dag werk
B Vier maande kraamverlof vir werkende vroue
C 'n Werker wat veertig ure per week werk
D Monitor werkers se oproepe gedurende werksure

1.1.5 Die woord 'analiseer' in 'n eksameninstruksie beteken:

A Sit items langs mekaar om die ooreenkomste en verskille te sien.
B Breek 'n idee op. Ontleed elke deel. Ondersoek elke deel.
C Gee 'n reeks dele, redes of kenmerke afsonderlik(apart).
D Bespreek, gee voorbeelde, noem punte vir en teen. (5 x 1) (5)

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings.
Skryf die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK.

1.2.1 Jy doen spesifieke fisiese aktiwiteite by verskillende stasies.
Elke aktiwiteit het 'n stel instruksies in 'n gemerkte gebied. (1)

1.2.2 'n Dokument wat die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bekragtig(wettig maak) (1)

1.2.3 'n Internasionale gebeurtenis wat elke vier jaar gebeur.
Atlete kompeteer in verskillende sportaktiwiteite. (1)

1.2.4 Die regeringsvlak wat regulasies oor straathandel maak. (1)

1.2.5 'n Studiestyl.
Leerders lees hardop, sê feite op, bespreek werk met ander en gebruik geheueleer. (1)

1.3 Antwoord die vrae.
Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK.
Skryf jou antwoorde in volsinne.

1.3.1 Gee TWEE demokratiese regte wat gedurende gewelddadige protesaksie geskend kan word. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik TWEE swak studiegewoontes wat doeltreffende studie moeilik maak. (2 x 2) (4)

1.3.3 Kyk na die spotprent.
Antwoord die vrae.



[Aangepas uit www.dailymaverick.co.za. Toegang op 21 April 2019 verkry.]

(a) Verduidelik EEN beperking tot(probleem met) die reg tot vryheid van uitdrukking op spotprente soos hierbo as hulle oor korrupte amptenare verslag doen. (1 x 2) (2)

(b) Die spotprent oor korrupsie hierbo help met die rol van die media in 'n demokratiese samelewing.
Hoe? Bespreek(Verduidelik). (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B (VERPLIGTEND)

Antwoord AL die vrae in hierdie afdeling. Skryf jou antwoorde in volsinne.

VRAAG 2

Lees die teks. Antwoord die vrae.

GELEENTHEDE OM WERKLOOSHEID TEEN TE WERK
Jeug-entrepreneurskap en relevante werksvaardighede …

Daar was werkswinkels in die provinsies. Hulle wil sosiale entrepreneurskap onder die jeug aanmoedig(aanhelp) as 'n lewensvatbare opsie(iets goed, iets wat sal werk) om werkloosheid teen te werk(werkloosheid te stop).

Hulle kry opleiding en inligting oor die veranderende wêreld van werk.
Hulle leer hoe om hulle talente te identifiseer.
Hulle ontwikkel die eienskappe wat nodig is om die arbeidsmark te betree.

[Aangepas uit www.news.nwu.ac.za. Toegang op 12 Januarie 2019 verkry.]

2.1 Skole kan sosiale entrepreneurskap as 'n lewensvatbare opsie bevorder(help met) om werkloosheid teen te werk(te stop). Hoe? Gee DRIE maniere. (3 x 1) (3)

2.2 Beskryf(Verduidelik) EEN finansiële uitdaging(probleem) vir jong entrepreneurs as hulle begin. Sê hoe hulle hierdie uitdaging kan hanteer(probleem kan oplos). (1 + 1) (2)

2.3 Jy is 'n entrepreneur. Bespreek(Verduidelik) hoe jy ander jongmense in jou gemeenskap kan help om ook 'n entrepreneur te word. (1 x 2) (2)

2.4 Gee TWEE maniere hoe jy sosiale media as 'n platform kan gebruik as 'n kans om 'n werk te kry. Gee 'n rede vir ELKE antwoord. (2 x 2) (4)

2.5 ELK van die eienskappe is belangrik vir 'n jong werker wat wil begin werk. Hoekom? Assesseer(Verduidelik) elkeen.

2.5.1 Passie (1 x 2) (2)

2.5.2 Kreatiwiteit (1 x 2) (2)

[15]

VRAAG 3

Lees die teks. Antwoord die vrae.

DIE KREET(gil) VAN SLAGOFFERS VAN GESLAGSONGELYKHEID

Geslagsongelykheid bestaan steeds in Suid-Afrika.

Suid-Afrika se Minister van Vroue in die Presidensie sê dat die uitdagings(probleme) van geslagsongelykheid 'n groot bekommernis vir haar departement is.

[Aangepas uit www.sabcnews.com. Toegang op 9 April 2019 verkry.]

3.1 Wat is *geslagsongelykheid*?
Gee TWEE negatiewe invloede(slegte dinge) van geslagsongelykheid in die werkplek. (1 + 2) (3)

3.2 Dit is makliker vir vroue om seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) te kry as gevolg van geslagsongelykheid. Hoekom? Verduidelik. (1 x 2) (2)

3.3 Mans meld(vertel van) NIE dikwels gevalle van seksuele misbruik aan teenoor hulself NIE. Hoekom? Verduidelik EEN rede. (1 x 2) (2)

3.4 Seksuele afknouery op sosialemediaplatforms is 'n vorm van geslagsgebaseerde geweld. Hoe? Assesseer(Verduidelik) elkeen. (2 x 2) (4)

3.5 Gee TWEE ingrypingstrategieë(planne) vir die regering om die uitdagings van geslagsongelykheid in die samelewing te stop. Gee 'n rede vir ELKE antwoord. (2 x 2) (4)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Antwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

Skryf antwoorde in paragrawe.
Jy kry punte vir antwoorde in volsinne.

VRAAG 4

Lees die teks. Antwoord die vrae.

BESTEE MUNISIPALITEITE GELD BEHOORLIK(op die regte manier)?

Munisipaliteite sorg vir basiese dienste.
Munisipaliteite het ook 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor hulle plaaslike gemeenskappe.
Statistiek wys dat 92% van munisipaliteite in Suid-Afrika openbare fondse as gevolg van bedrog en korrupsie wanbestuur.

Dit is belangrik dat burgers weet hoe munisipaliteite die geld vir gemeenskapsdienste gebruik.
Gemeenskappe moet ook kan sê hoe finansiële en ander bronne binne die plaaslike regering gebruik word.

[Aangepas uit www.treasury.gov.za, 'Budget People's Guide'. Toegang in Februarie 2019 verkry.]

Skryf paragrawe.
Skryf oor die **verantwoordelikhede van die verskillende regeringsvlakke**.

Jy moet:

- Gee EEN sosiale verantwoordelikheid van munisipaliteite.
  Verduidelik hoe wanbestuur van openbare fondse as gevolg van bedrog en korrupsie die sosiale ontwikkeling in gemeenskappe kan beïnvloed. (1 + 2) (3)

- Kyk na die teks.
  Die meeste munisipaliteite wanbestuur steeds openbare fondse.
  Hoekom? Verduidelik DRIE redes. (3 x 2) (6)

- Gee TWEE praktiese maniere hoe plaaslike gemeenskappe kan help om die wanbestuur van openbare fondse deur munisipaliteite te stop.
  Neem ELKE aanbeveling. Sê hoe ELKE aksie kan help om wanbestuur te stop. (2 x 3) (6)

[15]

VRAAG 5

Lees die teks. Antwoord die vrae.

VELDTOG OM MIDDELMISBRUIK UIT TE ROEI

Die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beloof om te help met 'n teen-middelmisbruikveldtog. Hulle wil hierdie probleem in gemeenskappe uitroei(stop).

[Aangepas uit SAnews.gov.za. Toegang op 26 April 2019 verkry.]

Skryf paragrawe.
Skryf oor die **evaluering van veldtogte**.

Jy moet:

- Wat is 'n *veldtog*?
  Noem TWEE voordele(goeie dinge) van die jeug wat aan teen-middelmisbruikveldtogte deelneem. (1 + 2) (3)

- Verduidelik DRIE faktore wat veroorsaak dat al hoe meer leerders in skole middele misbruik. (3 x 2) (6)

- GeeTWEE praktiese strategieë wat die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling kan gebruik om seker te maak dat die veldtog doeltreffend(goed) is.
  Neem ELKE antwoord. Sê hoe ELKE strategie kan help met die sukses van die veldtog. (2 x 3) (6)

[15]

VRAAG 6

Lees die teks. Antwoord die vrae.

WERKER DIEN VERVALSTE(wanneer hulle skelm is) MEDIESE SERTIFIKATE IN

'n Werker by 'n bekende maatskappy neem in die eerste kwartaal van 2019 siekteverlof.
Die siekteverlof is van:
7 tot 9 Januarie
14 tot 17 Januarie
21 tot 24 Januarie
Die werkgewer sien die werker gee vervalste mediese sertifikate in.

[Aangepas uit www.talent360.co.za. Toegang op 7 April 2019 verkry.]

Skryf paragrawe.
Skryf oor die **kernelemente van 'n werkskontrak**.

Jy moet:

- Kyk na die teks.
  Gee die relevante Arbeidswet oor siekteverlof.
  Gee TWEE redes hoekom werkers die regulasies oor die neem van verlof moet ken. (1 + 2) (3)

- Die werkgewer sien die werker gee vervalste mediese sertifikate in.
  Hoe het hy uitgevind?
  Verduidelik DRIE redes. (3 x 2) (6)

- Gee TWEE maniere hoe werkgewers werksetiek beter kan maak sodat mense nie van die werk af wegbly nie.
  Neem ELKE antwoord. Sê hoe ELKE maatreël(manier) die werksetiek van werkers kan verbeter. (2 x 3) (6)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 80